DIE BEDIENING VAN JESUS CHRISTUS

Wat is die kenmerke van die bediening van Jesus? Wat moet die karakter wees van ons bediening?

A. DIE BEDIENING VAN JESUS EN SY DISSIPELS IN DIE NUWE TESTAMENT

1. Die bediening van Jesus en Sy dissipels is 'n bediening van die koninkryk.

Dit is níe 'n bediening van 'n stigting, van 'n organisasie of van 'n bepaalde kerkelike groepering (kerkgenootskap, denominasie) nie.
Dit is 'n bediening van die koninkrijk van God!

(1) Die koninkryk van God.

Die koninkryk van God is meer as die sigbare Kerk, die Liggaam van Chrisus of die wêreldwye gemeenskap van belydende Christene.

- ***Lees*** Psalm 24:1.

Oor die algemeen is die koninkryk van God *die koningskap of soewereine heerskappy (regering)* van God in die hemel oor alle mense en elke ding van ewigheid tot ewigheid (Psalm 145:13; 146:10; Jeremia 10:10; 1 Timoteus 6:16).

- ***Lees*** Matteus 28:18.

In besonder is die koninkryk van God die koningskap of soewereine heerskappy (regering, beheer) van God op die aarde deur Jesus Christus (Johannes 13:3; Efesiërs 1:20-22; Filippense 2:9-11; Kolossense 1:15-20; Openbaring 1:5; 17:14; 19:16).

- ***Lees*** Openbaring 1:5-6.

Die koninkryk van God is *gebaseer* op die voltooide verlossingswerk van Jesus Christus tydens sy eerste koms (Matteus 21:39, 42-43; 28:18; Handelinge 2:36) en die toepassing vandag van daardie werk ín gelowiges deur die Heilige Gees (Romeine 14:17).

- ***Lees*** Lukas 17:20-21.

Die koninkryk van God is die koningskap of soewereine heerskappy van Jesus Christus wat *erken word* in die harte van gelowiges en in hulle lewens *aan die werk is* (Matteus 6:10,33; 25:34-40).

(2) Die koninkryk van God is sigbaar op vier terreine.

- ***Lees*** Markus 10:25-26.

Die koningskap van God word sigbaar in die gelowige se verlossing van begin tot end:
- sy uitverkiesing in die ewigheid (Efesiërs 1:4-5)
- sy wedergeboorte in die tyd (Johannes 3:3-8)
- die transformasie (verandering) van sy lewe in die tyd (1 Korintiërs 6:9-11)
- en die opstanding (opwekking) van sy liggaam by Christus se wederkoms (1 Korintiërs 15:24-26).

Hierdie Godgegewe verlossing sluit al die geestelike en materiële seëninge vir siel en liggaam in, wat 'n werkelijkheid word wanneer God se soewereine koningskap erken en gehoorsaam word (Efesiërs 1:3).

- ***Lees*** Matteus 16:18-19.

Die koningskap van God word sigbaar in die vorming van die Kerk/Gemeente op die aarde (Efesiërs 1:20-23; 1 Petrus 2:4-5,9-10). Die Kerk is die gemeenskap van mense in wie se harte en lewens God se soewereine koningskap deur Jesus Christus erken en gehoorsaam word. Daar is maar één Kerk en bestaan uit almal wat glo dat Jesus Christus die Verlosser en Heer is.

- ***Lees*** Matteus 25:34-40.

Die koningskap van God word sigbaar in die goeie werke van gelowiges in elke deel van die menslike gemeenskap (hulle invloed in intellektuele, ligamelike, emosionele, sosiale en geestelike gebiede soos opvoeding, reg, genade en liefde (Romeine 14:17).

- ***Lees*** 1 Korintiërs 1:24-26.

Die koningskap van God word ten slotte sigbaar in sy verloste skepping: die nuwe hemel (heelal) en die nuwe aarde (Handelinge 3:21) met al die heerlikheid in die toekoms, die finale realisering van God se verlossingswerk in die mense wat Hy geroep het (Matteus 25:34; 2 Petrus 1:11; Openbaring 11:15).

(3) Die koninkryk van God het vyf kenmerke.

- ***Lees*** Matteus 12:28. Die koninkryk van God is veral gevestig tydens die *eerste koms* van Jesus Christus (Matteus 21:43).
- ***Lees*** Johannes 18:36. Die koninkryk van God is *ín die huidige wêreld, maar nie ván die huidige wêreld nie* (Lukas 17:21).
- ***Lees*** Matteus 13:11-17. Die koninkryk van God is terselfdertyd *'n openbaring vi*r gelowiges en *'n raaisel* vir ongelowiges.
- ***Lees*** Matteus 13:24-26,36-43. Die koninkryk van God het *'n huidige vorm* op hierdie aarde en *'n toekomstige vorm* op die nuwe aarde.
- ***Lees*** Matteus 13:31-33. Die koninkryk van God *begin klein*, groei en sal *uiteindelik alles deurdring* (Daniël 2:34-35, 44-45).

2. Die bediening van Jesus en sy dissipels is 'n bediening in huise.

Dit is nie noodwendig 'n bediening in spesiale kerkgeboue nie. In steeds meer lande word dit moeilijk vir Christene, Bybels en kerkgeboue om te bestaan.

- ***Lees*** Markus 2:1-5.

Jesus het in gewone huise van mense gepreek, geleer en mense gesond gemaak (Markus 3:20,32-35). Die apostels het van huis tot huis gegaan en nooit opgehou om te leer en te preek nie (Handelinge 5:42; 20:20-21). Hulle het die goeie nuus aan hulle naasbestaandes en naby vriende in hulle huise verkondig (Handelinge 10:24-27; 28:30-31).

- ***Lees*** Markus 2:15-16.

Jesus het gemeenskap met gewone mense tydens maaltye in hulle huise gehad. Christene het in 'n huis bymekaar gekom om nagmaal te vier (Handelinge 2:42; 20:7-9).

- ***Lees*** Handelinge 12:12.

Christene het in huise saamgebid.

- ***Lees*** Handelinge 16:31-33.

Mense het in huise tot bekering gekom en is daar gedoop (Handelinge 9:17-18; 18:7-11; 22:16).

- ***Lees*** 1 Korintiërs 16:19.

Christengemeentes het in huise vergader (Romeine 16:5; Kolossense 4:15; Filemon 1:2).

3. Die bediening van Jesus en sy dissipels is 'n bediening van toerusting (opleiding).

Dit is nie juis 'n bediening wat maar uit één erediens per week bestaan nie.

Die toerusting of opleiding bestaan op basis van verhoudings en dissipelskap. Die sleutelwoorde[1] van die toerusting was:

- *onderrig* van die waarheid
- *opleiding* (oefening) in vaardighede
- *oordra* van 'n voorbeeld in elke ding en
- *uitstuur* van die opgeleides.

(1) Jesus het dissipels gemaak ('n dissipel is 'n volwasse, funksionerende en volhardende Christen).

- ***Lees*** Johannes 1:39.

Jesus het s volgelinge geleer en 'n voorbeeld aan hulle oorgedra. "Kom saam, dan sal julle sien". Hy het mense *betrek* in sý lewe en by húlle lewens betrokke geraak (Johannes 2:1-12).

- ***Lees*** Markus 3:14.

Hy het mense na Hom toe geroep "om by Hom te bly" (*saam met Hom* rond gaan) sodat Hy hulle kon leer om vissers van mense te word (Matteus 4:19). Hy het hulle opgelei om sy leringe prakties te beoefen (Matteus 7:24-27).

- ***Lees*** Matteus 4:23.

Jesus en sy volgelinge het deur die provinsie rondgegaan: geleer, gepreek en mense gesond gemaak. Hulle bediening was geestelik, intellektueel, sosiaal, emosioneel en materieel (holisties)('n totale benadering). Hulle het nie net *onderrig* van Jesus ontvang nie, maar ook die *oordrag* van sy voorbeeld en *oefening* in sy bediening (in evangelisasie en dissipels maak). Hy het aan hulle meegevoel gewys en behoeftige mense gehelp.

(2) Jesus het werkers opgelei (toegerus).

- ***Lees*** Matteus 9:10-13.

Hulle het geleer om na die mense te gaan wat *behoefte het aan* barmhartigheid en geregtigheid (Matteus 11:19; Lukas 19:10)

- ***Lees*** Matteus 9:17.

Hulle moes die boodskap van nuwe lewe giet in *nuwe vorms* en strukture (vgl. Matteus 15:1-9).

[1] Let op die drie maal "O": (1) Onderrig, (2) Oefening/opleiding, (3) Oordrag. Engels: drie maal "T": (1) Teaching, (2) Training, (3) Transmitting.

- ***Lees*** Matteus 10:5-8.

Hulle het *geoefen* om te preek, te genees en vryelik te gee wat hulle ontvang het (1 Korintiërs 9:18-27).

(3) Jesus het leiers uitgestuur.

- ***Lees*** Johannes 20:21.

Uiteindelik, het Jesus sy dissipels *uitgestuur* om te doen wat Hy gedoen het.

- ***Lees*** Matteus 28:18-20.

Hulle moes na al die nasies van die aarde gaan om *dissipels* van Jesus Christus te maak, en die gelowiges te doop en te leer om alles te gehoorsaam wat Jesus hulle beveel het.

4. Die bediening van Jesus en sy dissipels is 'n bediening van vermenigvuldiging.

Dit is nie ’n bediening waar die tradisionele status quo gehandhaaf word nie.

(1) Drie sleutel groepe.

- Die groot groep: die skares in die samelewing
- Die kleingroep van dissipels: die huisgemeenskap of huiskerk wat gereeld vergader
- Die individu: een individuele persoon wat ’n ander individuele persoon vir ’n spesifieke doel ontmoet (mentor/oplei)

(2) Drie verskillende nadruk.

In ’n groot groep lê ons die nadruk op die onderrig (*lering en prediking*) – kennis, verstaan en motivering om goed te doen (Handelinge 10:38; 20:18-20).

In ’n kleingroep lê ons die nadruk op oefening - studie, interaksie, moontlike toepassings, spoor mekaar aan om lief te hê en goeie werke te doen (Hebreërs 10:24-25)

Met ’n individu lê ons die nadruk op oordrag van ’n voorbeeld - persoonlike toepassing, verandering van karakter en gewoontes (Kolossense 1:28-29; 2 Timoteus 3:10-11,16), daadwerklike goede werke (Handelinge 20:34-35), toerusting vir spesifieke take en saam dien in die koninkryk van God (Efesiërs 4:12; 2 Timoteus 3:17)

(3) Bybelse illustrasies van die waarde van die groot groep, die kleingroep en die enkeling.

Jesus	↗ (die groot groep) Die skares (Matteus 9:36) ➔ (die kleingroep) Die 12 dissipels (Matteus 10:1-2) ↘ (die enkeling) Petrus (Johannes 1:42; Matteus 16:18)
↓	
Petrus	↗ (die groot groep) Die skares (5000, Handelinge 4:4) ➔ (die kleingroep) Die span van die apostels (Handelinge 2:14) ↘ (die enkeling) Barnabas (Handelinge 4:36-37)
↓	
Barnabas	↗ (die groot groep) ’n Aansienlike groep mense (Handelinge 11:24) ➔ ↘ (die enkeling) Paulus (Handelinge 11:25-26)
↓	
Paulus	↗ (die groot groep) Al die gemeentes (2 Korintiërs 11:28) ➔ (die kleingroep) Sy span medewerkers (Handelinge 16:6, Silas, Timoteus, Titus, Lukas) ↘ (die enkeling) Timoteus (Filippense 2:19-23; 2 Timoteus 3:10-11)
↓	
Timoteus	↗ (die groot groep) Die gemeente van Efese (1 Timoteus 1:3; 2 Timoteus 4:1-5) ➔ (die kleingroep) Ouderlinge, diakens, weduwees, bejaardes, jeug, werknemers, werkgewers, rykes, ens. ↘ (die enkeling) Wat Timoteus geleer het op sy beurt deurgee aan “sy Timoteus” (2 Timoteus 2:2)
↓	
Betroubaar + bekwaam om dit ook aan ander te leer	↗ (die groot groep) bv. ’n deel van ’n gemeente te lei ➔ bv. ’n kleingroep oplei in dissipelskap ↘ bv. ’n enkeling (“jou Timoteus”) d.m.v. Onderrig, Oefening en Oordrag op te lei
↓	
Ek en jy.	Op hierdie manier, is ons, wat vandag leef, in ’n kleingroep opgelei en moontlik as ’n “Timoteus”. Op jou beurt kies jy weer ’n kleingroep en jou eie “Timoteus” en fokus daarop om hulle toe te rus.

B. DIE BEDIENING VAN JESUS EN SY DISSIPELS GAAN VANDAG VOORT

1. Die kleingroep: dissipelgroep of huisgemeente.

'n Huisgemeente[2] is 'n weeklikse byeenkoms van 'n klein groepie gelowiges gewoonlik binne loop-/ry afstand van waar hulle bly.

(1) Jesus sit sy bediening voort.

Jesus sit vandag sy bediening voort deur gewone gelowiges
- deur die groot groep van mense in die gemeenskap te *dien*
- deur die gelowiges *op te lei* in 'n kleingroep (dissipelgroep of huisgemeente)
- en deur 'n *mentor of studieleier* vir 'n "Timoteus" te wees, veral m.b.t. sy bekwaamhede en karakter.

Die gelowiges probeer om iets goeds in hulle gemeenskap te doen. Kleingroepe van gelowiges vergader elke week in gelowiges se huise vir die volgende: om God te aanbid deur Jesus Christus, om te groei in kennis van en gehoorsaamheid aan Jesus Christus en om nuwe Christene tot dissipels van Jesus Christus op te lei. Volwasse individuele gelowiges kom bymekaar om hulle Timoteus of nuwe groepleiers toe te rus.

(2) Die sewe dissipelskap dissiplines in die kleingroep.

In die Dota kursus word 7 dissipelskap dissiplines op 'n gereelde basis aan nuwe gelowiges geleer:
- Aanbidding rondom 'n kenmerk van die God van die Bybel
- Stiltetye met mekaar deel
- Onderrig uit die Bybel oor 'n dissipelskap onderwerp
- Meditasie en memorisering van 'n Bybelvers
- Bybelstudie d.m.v. 'n maklike metode (die vyf stappe metode)
- Gebed en voorbidding
- Voorbereiding wat tuis gedoen moet word voor die volgende byeenkoms

(3) Die dissipelskap kursus en die huisgemeente.

'n Kleingroep van 2 tot 15 gelowiges kom elke week bymekaar in 'n huis (dis veral in moeilike/geslote lande).

- **'n Twee weeklikse siklus net vir dissipelskap (A+B):**

Dissipelskap (A) elke 1ste en 3de week en Dissipelskap (B) elke 2de en 4de week van die maand. Gedurende een week oefen hulle veral *aanbidding* en *onderrig* en gedurende die ander week oefen hulle veral *memorisering* en *Bybelstudie*.

- **'n Drie weeklikse siklus sluit 'n erediens in (A+B+C):**

By die 1ste week veral *aanbidding en onderrig*, by die 2de week veral *memorisering en Bybelstudie* en by die 3de week veral sang, prediking, gebed en nagmaal of doop.

Dissipelskap (A)	**Dissipelskap (B)**	**Diens in huis (C)**
- AANBIDDING (insl. 'n lied) (20 min) - deel stiltetye (20 min) - ONDERRIG (70 min) - gebed as antwoord (8 min) - voorbereiding om tuis te doen (2 min)	- MEMORISERING (20 min) - deel stiltetye (20 min) - BYBELSTUDIE (70 min) - voorbidding (8 min) - voorbereiding om tuis te doen (2 min)	- sing (45 min) - PREDIKING (15 min) - gebed (30 min) - Nagmaal, doop of gemeenskaps-maal wanneer nodig (30 min)

2. Die enkeling: Lei jou "Timoteus" op.

Op grond van 2 Timoteus 2:2 kies ten minste één persoon uit elke dissipelgroep of huisgemeente (kleingroep). Hy of sy moet betroubaar of getrou wees en in staat wees om ander onderrig te gee. Kom elke week met hierdie persoon saam om hom/haar toe te rus (op te lei) en hom/haar te bemoedig. Stel 'n persoonlike voorbeeld vir hom/haar. Die nadruk in die opleiding lê op die volgende terreine: persoonlike toepassing en verandering van karakter en gewoontes. Rus die persoon toe om 'n groepleier van 'n kleingroep (dissipelgroep of huisgemeente) te word. Mentor hom/haar terwyl hy/sy 'n kleingroep lei. Lei jou "Timoteus" op!

3. Die metode: Die handleidings vir groepleiers.

(1) Gebruik die handleidings 1 tot 4 genaamd "Gaan en maak dissipels" deur DOTA.

Die doel is om dissipels en groepleiers (leiers van 'n dissipelskapsgroep) op te lei en te vermenigvuldig.
Handleidings 1 en 2 ontwikkel die basis van dissipelskap.
Handleidings 3 en 4 ontwikkel gevorderde dissipelskap.
Hulle leer die vyf stappe metode van Bybelstudie en die belangrikste terreine van die christelike lewe.

[2] Engels: house fellowship

Elke handleiding bestaan uit 12 lesse van ongeveer 2 tot 2½ uur elk.

(2) Gebruik dan die handleidings 5 tot 8 genaamd "Gaan en bou die Gemeente van Christus" deur DOTA.

Die doel is om christelike gemeentes op te bou en te vermenigvuldig.
Handleidings 5 en 6 ontwikkel verskillende feesdae en seremonies in gemeentes.
Handleidings 7 en 8 ontwikkel verskillende opbouende en herstellende bedienings in gemeentes.
In Bybelstudie word die Evangelie volgens Johannes bestudeer.
Elke handleiding bestaan uit 12 lesse van ongeveer 2 tot 2½ uur elk.

(3) Gebruik laastens die handleidings 9 tot 12 genaamd "Gaan en verkondig die Koninkryk van God" deur DOTA.

Die doel is om arbeiders (werkers) en leiers vir christelike gemeentes en christelike organisasies op te lei en te vermenigvuldig.

Hulle leer in besonder die leiers van gemeentes en groepleiers om die gelykenisse van Jesus oor die koninkryk van God te verkondig. In Bybelstudie word die brief van Paulus aan die Romeine bestudeer. Die DOTA radio programme[3] gee ook inleidings tot die meeste boeke in die Bybel en leer baie oor gebed.
Elke handleiding bestaan uit 12 lesse van ongeveer 2 tot 2½ uur elk.

(4) Gebruik radio, televisie, CD's, Internet en Web uitsendings, almal genaamd DOTA.

Die DOTA materiale help jou om die Bybelse waarhede goed onder die knie te kry, die christelike dissiplines self te beoefen en die nodige vaardighede vir die christelike bediening te leer.

4. Die visie: Die bloudruk vir 'n vermenigvuldigende bediening is arbeiders (groepsleiers en toerusters).

(1) Die eerste sleutel tot 'n vermenigvuldigende bediening is groepleiers wat elkeen 'n dissipelgroep (of 'n huisgemeente) lei.

As elke dissipelgroep (of huisgemeente) elke jaar net één ander dissipelgroep (of huisgemeente) begin, sal daar binne 10 jaar se tyd 256 dissipelgroepe (of huisgemeentes) wees!

(2) Die tweede sleutel tot 'n vermenigvuldigende bediening is toerusters.

'n Toeruster is 'n man/vrou wat self opgelei is as 'n dissipel van Jesus, wat self minstens één dissipelgroep van begin tot einde gelei het, en wat deur 'n ander toeruster opgelei word om nuwe groepsleiers van dissipelgroepe toe te rus. In sommige lande is die doel om in elke dorp of stad één toeruster op te lei. "Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes" (Matteus 9:37).

Begin deur één opgeleide man of vrou aan te wys om meer groepleiers in jou land op te lei.
Later kan elke gemeente een man en een vrou aanwys in elke dorp om meer groepleiers op te lei.

(3) God se opdrag en belofte.

Die kulturele opdrag van God in Genesis 1:28 sê, "Wees vrugbaar en vermeerder (vermenigvuldig) en vul die aarde" (AOV). En die groot opdrag van Jesus in Matteus 28:19 sê: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels".

God se plan sal nie misluk nie. God sê, "Soos Ek My voorgeneem het, so sal dit wees" (Jesaja 14:24,27; Psalm 138:8). Aan die einde, sal daar 'n groot menigte wees wat niemand kan tel nie, uit elke nasie, stam, volk en taal, wat voor Jesus Christus staan (Openbaring 7:9)!

[3] Tot 2015 alleen in Engels, Chinees, Farsi en Arabies beskikbaar, maar die moeite werd om te bestudeer. Vgl www.dota.net. English, radio progammes.